¹Die Reserwebank se Jaartlike Ekonomiese Verslag sowel as die Presidentsrede by die jaarlikse algemene vergadering van aandeelhouders van die Bank, wat teen die einde van Augustus gepubliseer is, het oorsigte van die onlangse verloop van die volkshuisvesting bevat. Alhoewel min nuwe gegewens sedertdien beskikbaar gekom het, verwys hierdie oorsig in hoofsaak na die tweede kwartaal en Julie en is bedoel om die oorsig wat in die Junie-uitgawe van die Kwartaallblad gegee is, op te volg.

Stygging in bruto binnelandse besteding

Hoofsaaklik as gevolg van netto toevoegings tot voorrade, het die bruto binnelandse besteding gedurende die tweede kwartaal van 1969 aansienlik toegeneem, in teenstelling met die afname gedurende die eerste kwartaal van 1969 weens 'n daling in totale voorrade. Trouens, indien veranderings in totale voorrade van bruto binnelandse besteding uitgesluit word, het die oorblywende komponente, naamlik private verbruiksbesteding, lopende owerheidsbesteding en totale vaste kapitaalbelegging, voortgegaan om teen ongeveer dieselfde koers gedurende die tweede kwartaal van 1969 as gedurende die voorafgaande drie kwartale toe te neem.


Private verbruiksbesteding het gedurende die tweede kwartaal van 1969 merkbaar toegeneem as gevolg van, eerstens, 'n skerp toename in die uitgawe aan nie-duursame goedere en, tweedens, 'n voortdurende hoë koers van toename in die uitgawe aan dienste, gedeeltelik as gevolg van prysstygings. Die besteding aan duursame goedere het egter gedurende die eerste en tweede kwartale van 1969 geneig om meer gelyk te verloop, nadat dit 'n besonder hoë peil gedurende die tweede helfte van 1968 bereik het toe strawwe mededeling tussen handelaars tot prysvermindering gelei het, wat tesame met aankope in afgawing van die verwagte instelling van 'n verkoopreg in Maart 1969 tot groter omsette gelei het.


Die lopende besteding deur die algemene owerheid het insgelyks besonder vinnig gedurende die tweede kwartaal van 1969 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van toenames in salaris, lone en ander voordele aan sentrale en provinsiale regeringsamptenare wat vanaf April 1969 van krag geword het.

Totale vaste investering het gedurende die tweede kwartaal van 1969 teen 'n stadiger koers as gedurende die vorige twee kwartale toegeneem hoofsaaklik vanweë 'n aansienlike afname in die kapitaaluitgawes van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens Administrasie. Vaste investering deur private sake-ondernehemings in die fabriekswese-, konstruksies-, handel- en finansiële sektore het egter gedurende die tweede kwartaal van 1969 toegeneem.

Algemene ekonomiese aanwysers

Alhoewel amptelike statistiek met betrekking tot sommige van die belangrikste ekonomiese aanwysers nog nie vir die jongste tydperke beskikbaar is nie, toon die inligting wat wel beskikbaar is, ietwat uiteenlopende neigings. Die relatief hoë koers van toename in die fisiese volume van fabrieksproduksie wat gedurende die laaste nege maande van 1968 bereik is, is gedurende die eerste kwartaal van 1969 gehandhaaf. Terwyl die totale fisiese volume van mynbouproduksie gedurende die tweede kwartaal van 1969 op ongeveer dieselfde peil as gedurende die eerste kwartaal gebly het,





het die produksie van goudmynbou gedurende Junie en Julie 1969 beduidend toegeneem.

Die versnelling in ekonomiese bedrywigheid wat gedurende die eerste helfte van 1969 voortgesit is, het met 'n toename in werkverskaffing, wat die tekort aan arbeid vererger het, gepaard gegaan. In ooreenstemming met die opwaartse neiging in werkverskaffing het die seisoensaangesuiwerde getal werklose Blanke, Kleurlinge en Asiate gedurende die eerste sewe maande van 1969 verder gedaal om 'n syfer van 10,970 in Julie te bereik, wat dan ook die laagste werkloosheidsyfer in verhouding tot die totale aantal nie-landbou salaris- en loontrekkers gedurende die hele ekonomiese opswaai van 1961 tot 1969 was.

Van die oorblywende ekonomiese aanwysers het sommige opwaartse en ander afwaartse neigings getoon. Goedere-invoere het 'n matige maar duidelike opwaartse neiging gedurende die eerste agt maande van 1969 getoon wat, onder 'n relatief vrye invoerstelsel, uit die verhoogde binnelandse vraag gespruit het. Groothandelsverkope, bouplanne goedgekeur en vaste eiendomstransaksies het gedurende die tweede kwartaal merkbaar toegeneem en het hoér aktiwiteit in die handel en konstruksie weerspieël. Aanwysers soos die getal nuwe maatskappye geregistreer, die getal nuwe motorvoertuie verkoop, die verbruik van gewalste en getrokke staalprodukte en inkomstedraende verkeer van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, het gedurende die tweede kwartaal van 1969 gelyk verloop of het selfs gedaal.


Pryse

Nadat dit gedurende 1968 met 2·7 persent toegeneem het, het die seisoensaangesuiwerde indeks van verbruikerspryse teen 'n jaarkoers van slegs 2·3 persent gedurende die eerste sewe maande van 1969 toegeneem. Indien voedselpryse, wat in werklikheid teen 'n jaarkoers van 3·4 persent gedurende hierdie tydperk gedaal het, egter uitgesluit word, het die prys van ander verbruikersgoedere en dienste teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van nie minder nie as 4·7 persent toegeneem, vergeleke met 'n toename van 2·3 persent gedurende 1968. Eersgenoemde toename kan gedeeltelik aan die invloed van die verkoopreg en gedeeltelik aan 'n opwaartse aanpassings in die prys van dienste, soos mediese dienste, ontspanning, vermaakklikeid en sport, toegeskryf word.

Groothandelspryse het teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van slegs 0·9 persent gedurende die eerste sewe maande van 1969 toegeneem, vergeleke met 'n toename van 2·2 persent gedurende 1968. Eersgenoemde matige toename kan hoofsaaklik aan 'n daling van nie minder nie as 6·7 persent in die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in die prys van landbouprodukte toegeskryf word. Indien

laasgenoemde uitgesluit word, het die prys van ander groothandelsgoedere teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2·2 persent toegeneem, vergeleke met 'n koers van 2·1 persent gedurende 1968.

Verbruikerspryse




Betalingsbalans

Tekort op lopende rekening

Die lopende rekening van die betalingsbalans het vanaf 'n oorskot van R73 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1969, na 'n tekort van R78 miljoen gedurende die tweede kwartaal omgeswaai. Hierdie ommekeer in die saldo op lopende rekening is hoofsaaklik deur 'n aansienlike stygging in goedere-invoere en merkbare afnames in goedere-uitvoere en netto goudproduksie veroorsaak. Netto dienstebetalings aan die buiteland het ook 'n matige stygging getoon.

Volgens die maandelikse Doeane statistiek, wat nie streng vergelykbaar is met die kwartaallikse betalingsbalansgegewens nie, het goedere-invoere gedurende Julie baie skerp vanaf 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R2,100 miljoen gedurende Junie tot 'n nuwe rekordpeil van R2,375 miljoen gedurende Julie 1969 gestyg, voordat dit weer gedaal het tot R2,141 miljoen.

R miljoene



Seisoensinvloed uitgeskakel. Jaarlikse koers

Betalingsbalans in lopende rekening



in Augustus. Hier teenoor het goedere uitvoere, na uitskakeling van seisoensinvloede en gereken teen 'n jaarkoers, verder gedaal vanaf R1,451 miljoen gedurende Julie tot R1,385 miljoen gedurende Julie, maar het weer toegeneem tot R1,469 miljoen in Augustus.

Die ontstaan van die tekort op die lopende rekening het gevvolg op die versneling in ekonomiese bedrywigheid en die gevvolgleke sterker binnelandse vraag na goedere en dienste wat, met die enkele invoerbeperkings, tot hoër invoere gelei het.

Netto kapitaalinvloeiing

Alhoewel die totale netto invloeiing van kapitaal gedurende die tweede kwartaal van 1969 nog R37 miljoen bedra het, vergeleke met 'n netto invloeiing van R33 miljoen gedurende die eerste kwartaal, het die eersgenoemde invloeiing van kapitaal uitsluitlik aan die sentrale regering- en banksektor toegeval, hoofsaaklik weens die trekking van Suid-Afrika se goudtranché by die Internasionale Monetêre Fonds. Die private sektor het in werklikheid 'n netto kapitaalinvloeiing van R2 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1969 getoon, vergeleke met 'n netto invloeiing van R22 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Die afname in die netto private kapitaalinvloeiing wat vir meer as

vier jaar volgehou is, kan met verskeie faktore in verband gebring word soos byvoorbeeld die verdere verslapping van valutabeheer wat in Junie 1969 aangekondig is asook die hoër rentekoerspeil in die buiteland.

Daling in goud- en buitelandse valutareserwes


Die netto gevvolg van die verandering in die betalingsbalans was 'n afname van R41 miljoen gedurende die tweede kwartaal van 1969 in die totale goud- en buitelandse valutareserwes van Suid-Afrika. Hierdie afname verteenwoordig die eerste daling na vyf opeenvolgende kwartaallikse toenames wat in totaal R542 miljoen beloop het. Gedurende Julie het die land se totale goud- en buitelandse valutareserwes met 'n verdere R82 miljoen tot R1,083 miljoen afgeneem terwyl die goud- en buitelandse valutareserwes wat deur die Reserwebank gehou word, met 'n verdere R37 miljoen gedurende Augustus gedaal het.

Monetêre en banktoestand

Weiging tot 'n meer gelyke verloop van geld en kwasi-geld

Nadat dit gedurende die agtien maande vanaf die einde van September 1967 tot die einde van Maart 1969 byna ononderbroke met meer as R800 miljoen toegeneem het, het die seisoensaangesuiwerde totale hoeveelheid geld en kwasi-geld gedurende die tweede kwartaal en Julie met R42 miljoen gedaal. Dit het die totale hoeveelheid geld en kwasi-geld aan die einde van Julie op R3,431 miljoen te staan gebring, wat egter nog 13·3 persent hoër as twaalf maande vroeër was. Volgens voorlopige aanduidings wil dit voorkom of die totaal aan geld en kwasi-geld gedurende Augustus weer taamlik aansienlik gestyg het.

Aangesien die koers van toename in die bruto binnelandse produk aangehou styg het, het die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto binnelandse produk vanaf 31·6 persent in die eerste kwartaal van 1969 tot 30·7 persent in die tweede kwartaal gedaal.



Verandering in geld en kwasi-geld (R miljoene)

	Seisoensinvloed nie uitgeskakel nie	Seisoensinvloed uitgeskakel
1969: 1e kwartaal	... -42	142
2e kwartaal	... 90	-4
Julie	... -66	-39

Oorsake van veranderings in geld en kwasi-geld

Die afname in die hoeveelheid geld en kwasi-geld (seisoensaangesuiwerd) gedurende die tweede kwartaal en Julie is hoofsaaklik bereik deurdat die gesamentlike uitwerking van 'n daling in die netto goud- en buitelandse valutareserwes en 'n verdere afname in die netto



eise van die banksektor teen die regeringsektor die ekspansionistiese uitwerking van 'n toename in bankkrediet aan die private sektor meer as geneutraliseer het, soos in die bygaande tabel getoon word.

Hoofoorsake van veranderings in geld en kwasi-geld, 1969
Seisoenvinvloed nie uitgeskakel nie
(R miljoene)

	1e kw.	2e kw.	Julie
Netto goud- en buitelandse valutareserves	101	-77	-41
Eise teen die regeringsektor:			
Bruto eise	-33	30	-33
Deposito's (toename-, afname+)	-139	31	-48
Netto eise	-171	61	-80
Eise teen die private sektor	136	74	43
Langtermyndeposito's (toename-, afname+)	-67	38	-10
Ander bates en laste (netto)	-40	-6	23
Totaal	-42	90	-66

Die afname in die goud- en buitelandse valutareserves was op sy beurt weer die gevolg van 'n verswakkende betalingsbalans wat voorgekom het om redes wat reeds hierbo genoem is. 'n Nadere beskouing van die ander faktor wat aangehou het om tot 'n daling in geld en kwasi-geld by te dra, nl. die netto eise van die monetêre banksektor teen die regeringsektor, bring aan die lig dat, hoewel die bruto eise van die banksektor teen die regeringsektor, met insluiting van sy besit aan skatkiswissels en staats-effekte, gedurende die vier maande geëindig Julie met R3 miljoen gedaal het, die regeringsdeposito's geen dienoordeenskomstige afname getoon het nie maar met R16 miljoen gestyg het. Die regeringsdeposito's by die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie het egter gedurende Augustus gedaal sonder 'n ooreenstemmende afname in die besit van die monetêre banke aan staatseffekte en skatkiswissels. Dit kan dui op 'n moontlike toename in die netto eise teen die regeringsektor met 'n gevoldlike ekspansionistiese uitwerking op geld en kwasi-geld gedurende Augustus.

Die inkrimpende uitwerking van die daling in die goud- en buitelandse valutareserves en die netto eise teen die regeringsektor gedurende die vier maande geëindig Julie is gedeeltelik deur 'n verdere toename van R116 miljoen in bankkrediet aan die private sektor geneutraliseer. Hierdie toename was egter kleiner as die styging van R136 miljoen gedurende die voorafgaande drie maande. Belangrike bydraers tot eersgenoemde styging was diskonteringe en voorskotte (insluitende 50 persent van remises in transito) van die handelsbanke, wat R89 miljoen bedra het, en 'n seisoenstoename van R28 miljoen in die kaskredietvoorskotte van die Landbank. Gedurende Augustus is 'n verdere seisoenale toename in die kaskredietvoorskotte van die Landbank aangeteken. Verder het ander

bankkrediet aan die private sektor in Augustus toegenem en sal na verwagting nog verder toeneem, veral met die oog op die verhoging van die plafon op die monetêre banke se diskonteringe en voorskotte met 10 persent en die spesiale toegewing van 1 persent wat vir kredietverlening aan kleiner sake-onderneemings gemaak is, soos aangekondig in die Presidentsrede op 26 Augustus.

Verdere afname in die oorskot likwiede bates van monetêre banke


Die oorskot likwiede bates van monetêre bankinstellings het verder afgeneem vanaf nagenoeg R200 miljoen aan die einde van Junie 1969 tot R100 miljoen aan die einde van Julie. Laasgenoemde bedrag was gelyk aan slegs 2-3 persent van hul verpligtings teenoor die publiek. In die geval van die handelsbanke het die oorskot likwiede bates aan die einde van Julie slegs R12 miljoen, of 0·4 persent van hul verpligtings teenoor die publiek, bedra. Volgens voorlopige aanduidings het die oorskot likwiede bateposisie van monetêre banke gedurende Augustus egter weer verbeter, hoofsaaklik as gevolg van 'n daling in regeringsdeposito's.

Geldmarktoestande en rentekoerse

Die toestand op die geldmark het gedurende die eerste ses maande van 1969 voortgegaan om betreklik bestendig te bly, hoofsaaklik as gevolg van neutraliserende invloede van veranderings in die goud- en buitelandse valutareserves van die Reserwebank aan die een kant en in netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie teen die regering aan die ander kant. Vroeg in Julie het die toestand op die geldmark egter aansienlik vernou toe die daling in die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserves

met 'n skerp styging in regeringsdeposito's, wat tot 'n daling in die netto eise van die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie teen die regering geleid het, gepaard gegaan het. In die loop van Augustus het die toestand op die geldmark egter weer verruim toe 'n matiger daling in die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserves meer as geneutraliseer is deur die ekspansionistiese uitwerking van 'n afname in regeringsdeposito's en 'n toename in Landbankwissels gehou deur die Reserwebank en die Nasionale Finansiekorporasie.

In ooreenstemming met hierdie veranderings in die toestand op die geldmark, het die voorskotte van die Reserwebank aan die diskontohuise vanaf R59 miljoen aan die einde van Julie tot R138 miljoen op 4 Julie



toegeneem voordat dit weer tot R113 miljoen aan die einde van daardie maand en tot R6 miljoen aan die einde van Augustus gedaal het. Die totale daggeldlenings aan die diskontohuise, wat tussen Maart en Junie betreklik min verandering getoon het, het vanaf R270 miljoen aan die einde van Junie tot R191 miljoen aan die einde van Julie gedaal voordat dit weer tot die betreklike hoë syfer van ongeveer R335 miljoen aan die einde van Augustus gestyg het. In reaksie op die druk op hul middele gedurende Julie het die diskontohuise, behalwe om groot bedrae aan akkommodesie van die Reserwebank te verkry, hul besit aan skatkiswissels tot R7 miljoen aan die einde van Julie verminder. Na die verruiming van hul posisie in Augustus het die diskontohuise nie slegs klein bedrae aan skatkiswissels, staats-effekte en bankaksepte opgeneem nie maar ook groot bedrae in Landbankwissels belê. So het hul belegging in hierdie wissels nie minder nie as R59 miljoen op 22 Augustus bedra.

Onder hierdie geldmarktoestande het die skatkiswisseltenderkoers, wat gedurende die eerste ses maande van 1969 tussen die betreklike noue grense van 4·64 en 4·69 persent geskommel het, na die einde van Junie gestyg en op 8 Augustus 'n peil van 4·77 persent bereik voordat dit weer gedaal en 4·63 persent op 12 September bereik het.

Op verskillende stadiums het faktore soos die vernouing van die geldmarktoestand in Julie, die afname in die oorskot likwiede bates van monetêre banke en die verhoging van hul kredietplafon op diskonteringe en voorskotte, geleid tot verskerpte mededinging om deposito's en gevolglik tot opwaartse druk op depositorentekoerse. Ná opwaartse aanpassings gedurende Junie, Julie en Augustus wat in totaal van $\frac{1}{2}$ tot $\frac{3}{4}$ persent gewissel het, is die volgende depositorentekoerse deur handelsbanke gekwoteer (algemene en huurkoopbanke het koerse gekwoteer van ongeveer $\frac{1}{2}$ persent hoër):

31 dae	5·50 persent
88-91 dae	5·50-5·75 persent
6 maande	6·00 persent
12 maande	7·00 persent

Op versoek van die President van die Reserwebank het die banke nie hul uitleenkoerse verhoog nie en om hulle hierby van hulp te wees het die President 'n toegewing geraak met betrekking tot die spesiale reserwesaldo's wat renteloos by die Reserwebank gehou moet word. Hierdie bykomende reserwesaldo, wat gelyk was aan 12 persent van die toename in die korttermynverpligtings van die banke teenoor die publiek sedert 31 Maart 1968, is tot 7 persent verminder en die verpligte saldo by die Nasionale Finansiekorporasie is vanaf 20 tot 25 persent van die toename in die monetêre banke se korttermynverpligtings teenoor die publiek sedert 31 Maart 1968 verhoog.

Staatsfinansies

Skatkisfinansies het weer 'n gunstige verloop gedurende die eerste vier maande van die huidige finansiële jaar getoon. Na 'n daling van R157 miljoen gedurende die kwartaal geëindig Junie 1969, het die netto skuldbepositisie van die Skatkis teenoor die monetêre banksektor gedurende Julie met 'n verdere R68 miljoen afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere netto bydrae van R34 miljoen deur die Staatskuldkommisaris en 'n stijging van R24 miljoen in totale doeane- en aksynsontvangstes. Die laasgenoemde toename het die inkomste uit die verkoopreg wat in die 1969-70-Begroting ingestel is, weerspieël.

Kapitaalmark

Aansienlike daling in aandelepryse

Die skerp stijging in prys wat die aandelemark vanaf November 1967 gekenmerk het, het in Mei 1969 tot 'n einde gekom en aansienlike dalings het gedurende die daaropvolgende twee maande voorgekom. Hierdie afnames het vanaf 10 tot 24 persent in die geval van nywerheids- en handelsaandele en die verskillende klasse finansiële aandele gewissel. Dit wil egter voor-kom asof die daling in prys in Augustus gestuit is en die aanduidings is dat prys tans rondom hierdie laer peil skommel. In ooreenstemming met hierdie verwikkelinge was die gemiddelde omset, soos gemeet deur die aantal aandele op die effektebeurs verhandel, gedurende Junie en Julie 48 persent laer as gedurende Mei. In hierdie omstandighede het die gemiddelde opbrengskoers op nywerheids- en handelsaandele vanaf 3·4 persent in Mei tot 3·8 persent in Junie gestyg. Vergelyk met die opbrengskoers op langtermyn-prima-effekte, het die omgekeerde rendementsgaping dus tot 2·7 persent vernou.

Nieteenstaande die veranderde toestande in die aandelemark, is nuwe uitgifte van aandele gedurende die tweede kwartaal op 'n hoëvlak voortgesit en het gedurende Julie selfs verder toegeneem. Die uitgifte van R60 miljoen gedurende hierdie maand was in werklikheid dubbeld soveel as die maandelikse gemiddelde gedurende die eerste ses maande van die jaar.

Aansienlike afname in die vloei van fondse na effektetrusts

Die verandering van stemming op die effektebeurs het ook die vloei van fondse na die effektetrusts beïnvloed. Netto verkoop van onderraandele het gedurende Junie en Julie, onderskeidelik, slegs R5 miljoen en R14 miljoen bedra, vergeleke met 'n maandelikse gemiddelde van R83 miljoen gedurende die eerste vyf maande van die jaar. Sommige van die effektetrusts was gedurende Junie en Julie in werklikheid netto terugkopers van onderraandele. In ooreenstemming met die daling in aandelepryse, het die markwaarde van die trusts se netto bates met 13 persent vanaf R911 miljoen aan die einde van Mei tot R794 miljoen aan-

die einde van Julie afgeneem. Die aansienlike besit aan kontant en deposito's wat die trusts gedurende die tydperk toe aandelepryse buitensporig hoog was, opgebou het, is gedeeltelik gedurende Junie en Julie aangewend toe aandelepryse uit 'n beleggersoogpunt aantrekliker geword het. Aan die einde van Julie het hul kontantbesit nog R154 miljoen bedra, nadat dit tot R194 miljoen aan die einde van Mei toegeneem het.

Vernouing van toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte

Volgens beskikbare inligting het die toestande in die mark vir vaste-rentedraende effekte vanaf ongeveer die middel van 1969 effens vernou. Hoewel nuwe uitgiftes in die mark vir prima- en semiprima-effekte beperk was, het die uitgiftes wat wel voorgekom het, verhoogde opbrengskoerse tot die aflossingsdatum aangebied, terwyl leners ook nie altyd in staat was om al die fondse wat hulle wouleen, te bekom nie. Die opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het onveranderd op $6\frac{1}{2}$ persent gebly, maar die opbrengskoers op langtermyn-semiprima-effekte is verhoog vanaf die peil van ongeveer 7·1 persent wat gedurende die eerste kwartaal vanjaar tot stand gekom het, tot 7·2 persent in Augustus en is verder verhoog tot 7·25 persent en 7·3 persent op nuwe lenings wat in September uitgeskryf is. Bouverenigings het ook die mark betree met 'n obligasie-uitgifte van R10 miljoen teen 'n opbrengskoers van 7·3 persent, maar selfs teen hierdie koers was die uitgifte nie geslaagd nie.

Bouverenigings

Bouverenigings het gedurende die tweede kwartaal van 1969 'n aanmerklike afname in die invloeiing van fondse ondervind. Die toename in hul deposito's en aandelekapitaal het R27 miljoen bedra, vergeleke met R58 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Hul deposito's het gedurende die tweede kwartaal in werklikheid met R15 miljoen gedaal, maar is meer as geneutraliseer deur 'n toename van R42 miljoen in aandelekapitaal. Ten einde meer aktief om fondse mee te ding, het die verenigings gedurende die tweede helfte van Julie die koers op vaste deposito's vanaf $6\frac{1}{2}$ tot 7 persent verhoog. Verdere toegewings is ook vroeg in Augustus deur die Minister van Finansies aan die verenigings gemaak. So is die perk op belastingvrye aandele vanaf R6,660 tot R10,000 opgestoot, terwyl die koers op nuwe sowel as bestaande belastingvrye aandele vanaf 6 tot $6\frac{1}{2}$ persent verhoog is. Terselfertyd is die perk op individuele spaarrekenings vanaf R6,000 tot R10,000 verhoog. Hoewel die verenigings onderneem het om nie die verbandkoers van $8\frac{1}{2}$ persent op woonhuise te verhoog nie, het hulle op verskillende tydstippe vanaf die begin van Augustus die koers op ander verbandlenings tot $9\frac{1}{2}$ persent verhoog. Gedurende Julie het die vloeい van fondse na die verenigings verbeter en hul middele het met R23 miljoen toegenoom.



Hierdie ontwikkelings gedurende die tweede kwartaal en Julie het tot 'n afname in die nuwe verbandvoorskotte toegestaan deur bouverenigings gelei. Die maandelikse gemiddelde van nuwe verbandvoorskotte toegestaan het tot R28 miljoen gedurende Junie en Julie afgeneem, vergeleke met 'n ooreenstemmende syfer van R42 miljoen gedurende die eerste vyf maande van 1969. Die bedrag van uitstaande verband- en ander lenings het desnieteenstaande met R77 miljoen gedurende die tweede kwartaal toegeneem, vergeleke met R48 miljoen gedurende die eerste kwartaal. Van die toename gedurende die tweede kwartaal, het nie minder nie as R22 miljoen verdere lenings teen die sekeriteit van aandele en deposito's verteenwoordig. Gedurende Julie het uitstaande verband- en ander lenings met R11 miljoen toegeneem. Die aansienlike verskil in die tweede kwartaal tussen die toename in die verenigings se middele en die bedrag wat deur hulle uitgeleen is, het daar toe geleei dat hul likwiede bates en ander voorgeskrewe beleggings gedurende hierdie tydperk met 'n netto bedrag van R36 miljoen verminder

is. Hul likwiede bates het gedurende Julie weer met R13 miljoen toegeneem en die oorskot van hierdie bates in verhouding tot die wetlike vereistes het aan die einde van daardie maand R38 miljoen of 3 persent van hul verpligtings teenoor die publiek bedra.

